GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# LAERSKOOL BOEREFORT

Tel: 012 335 2841 | Faks: 012 335 3945| Dept. Verwnr. 230789
De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, Pretoria, 0084
Posbus 31619, Wonderboompoort, 0033
E-pos: boeries@mweb.co.za |www.boerefort.co.za

Geagte ouer,

**TOESIGBELEID – NASKOOL**

Laerskool Boerefort se Toesigbeleid maak spesifiek melding dat sodra die skool in die middae verdaag het:

1. Alle leerders wat nie betrokke is by buitemuurse aktiwiteite nie, en nie ingeskryf is by die skool se naskoolsentrum nie, sonder versuim die skoolterrein moet verlaat.
2. Geen ander area of gebied van die skoolterrein, behalwe die naskoolsentrum en of die aangewysde afrigtingsarea, mag die funksie van behoorlike toesig oor leerders vervul nie.
3. Leerders wat die skool verlaat bly die verantwoordelikheid van die ouers, wat hulle so gou as moontlik moet kom haal, of alternatiewe reëlings vir behoorlike toesig moet tref.
4. Geen leerder mag onbepaald op die speelgronde of by die kleuterskooltrappe vir ouers of vervoer wag nie. Volgens departementele reëls is ‘n afhaalperiode van ‘n halfuur na skool billike praktyk.
5. Die skool neem geen verantwoordelikheid vir leerders wat na skoolverdaagtyd binne of buite die skoolgronde wag sonder toesig nie.
6. Indien leerders onbepaald sonder toesig by die skool gelaat word, kan ouers by die SAPD aangegee word vir nalatigheid of verwaarlosing van u kind(ers).
7. Sodra kulturele en of sportafrigting ten einde kom moet al die leerders die skoolterrein verlaat soos deur hulle ouers gereël is met hulle.
8. Onder Covid-19 praktyk word al die leerders wat na 20 minute nadat die skool uitgekom het nog nie verdaag het nie, na die wagklas geneem. Hierdie leerders sal onder toesig na omgesien word terwyl die skool die ouers sal verwittig wat betref die reëls wat nie deur die ouers nagekom word nie.

| | |
|---|---|
| **AANKOMSTYD:** | **Hekke open om 6:45 en skool begin stiptelik om 7:20** |
| **VERDAAGTYE:** | **Graad RR en R:** 13:15 (daagliks) |
| | **Graad 1-2:** 13:30 (daagliks) |
| | **Graad 3:** Maandae- Donderdae om 13:45 en Vrydae om 13:30 |
| | **Graad 7:** 13:45 (daagliks) |
| | **Skoolsluitingsdae om 11:00** |

______________________
**Mnr BS Fourie**
**SKOOLHOOF**

---

AFSKEURSTROKIE – TOESIGBELEID

Hiermee neem ek ________________________________ ouer van ___________________

in Gr _____ kennis rondom die inhoud van die skool se naskool toesigbeleid en onderneem

ek om my kind(ers) betyds na skool by die skool af te haal, of waar nodig alternatiewe reëlings te tref.

____________________________ ___________________
Handtekening van ouer/voog Datum